

September 2012

In hierdie uitgawe:

Ons Nuwe Bestuur	2
Voorsitterskrywe 2012	3
2013 Kampe	4
Toestand van paaië	5
Wildtuinter 2012	6
Nuwe Kleredrag vir Mooifontein	8
AJV 2012—kort oorsig	9
Hoe gaan AVJ 2012 se besluite jou raak?	10
Kampveiligheid & Brandgevaar	13 & 14
Bass Lake terugvoer	15
2012 Geheime Kamp	16

Jesus se telefoon nr: 236524 -

die 23 ste boek is Jesaja Hoofstuk 65 vers 24: "Voordat hul nog roep sal ek antwoord. Terwyl hul nog praat sal Ek hul gebed verhoor."



LAAT BERIG

ONTVANG....

Oom Louwtjie & tannie Lenie se seun, Pieter is skielik op 24 September oorlede nadat hy malaria opgedoen het.

Ons innige meegevoel en simpatie aan hierdie gesin se geweldige verlies.

'n Nuwe Era breek aan vir Mooifontein

Goeiedag Mooifonteiners

Graag wil ek dankie sê vir die vertroue om die volgende jaar aan die stuur te staan van die Mooifontein streek – dit is 'n voorreg.

Ek het in die ou Suidwes Afrika (Namibie vandag) grootgeword en het na my weermagdae in Pretoria kom woon. Ek is getroud met Erna en ons het 3 kinders. Vandag is ons bevoorreg om al oupa en ouma te wees – wat 'n wonderlike voorreg.

Ek het my begewe in die inligtingstechnologie wereld en is al die afgelope 30+ jare 'n projekbestuurder. Ek geniet my werk en sal graag so lank as moontlik wil aanhou daarmee. Deesdae is ek 'n kontrakteur by Standard Bank – ry elke dag die lang pad Johannesburg toe.

gekoop. Dit is waar my karavaanlewe begin het.

Mooifontein en sy mense het deur die jare deel van ons lewens geword. Ek geniet die vriende wat ek hier gemaak het baie. As ek kyk na die bestuur se take, is vir my belangrik dat ons op 'n ge-organiseerde basis kampe bespreek wat bekostigbaar is. Bowenal moet ons die kampe geniet – dit moet lekker wees. Ek wil graag sien dat ons 'n SAWA-familie moet bekend staan. Tog moet ons besef ons is altyd deel van 'n groter SAWA organisasie en moet ons die ook ondersteun.

My fokus die jaar gaan wees op ledebehoud en ledewerwing. Ek glo dit gaan 'n groot uitdaging wees, maar met die hulp van julle sal ons 'n sukses daarvan kan maak. Ek wil ook graag sien dat ons nuwe kleredrag deur alle lede gedra sal word. Bestuur sal dan ook die komende jaar aandag gee aan fondsinsamelingsgeleenthede.

Ek sien uit na 'n wonderlike jaar en glo ek sal almal se ondersteuning kry waar nodig

Geniet die kampe

Dawie Lötz



Lees ook.....

- Wat gebeur met die 4x4 been in SAWA?
- Wat maak 'n oord 'n goeie / lekker oord?
- Hoe belangrik is sekuriteit vir jou as jy kamp?

Mag 'n Christen vloek?

Nee, die Bybel sê baie duidelik dat 'n Christen nie mag vloek nie. Party mense gebruik die heilige Naam van die Here so dikwels wanneer hulle praat, dat 'n mens seerkry as jy na hulle luister. Vir sulke mense moet die Christen 'n voorbeeld stel en die Naam van die Here in eerbied uitspreek, slegs in gebed en wanneer jy oor en met Hom praat.

Die doodstraf is in Israel aan mense wat die Naam van die Here oneerbiedig gebruik het, opgelê (Levitikus 24:16; 2 Samuel 16:13).

Vir gelowiges word gesê:

Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede (Efesiërs 4:29) en

Matteus 5:22 sê: "Elkeen wat sy broer uitskel vir 'n gek, is strafbaar ... en wie hom uitskel vir 'n idioot, is strafbaar met die helse vuur."

Oordenking

Ook die mooi en skoon taal van 'n Christen moet getuig dat hy aan die Here behoort.

Maar waarom is dit so maklik (en lekker!) om kragwoorde te gebruik, en ook die Here se Naam as 'n kragwoord aan te wend?

Dikwels is dit 'n gebrek aan 'n goeie woordeskat wat ons kragwoorde laat gebruik!

'n Mens kan maar net wonder of jy so maklik Sy Heilige Naam sal gebruik as Hy reg langs jou staan?

Kom ons wend 'n daadwerklike poging aan om ons gesprekke vry te hou van kragwoorde, en mekaar, ons kinders en mede kampeerders (ook nie Sawanante) te respekteer, en 'n waardige voorbeeld te stel.






*Dawie & Erna Lötze
Voorsitter*

En so lyk ons nuwe Bestuur.....

Frans Scholtz—
Ondervoorsitter



Hendrik Karsten—
Penningmeester



Elize Pretorius—
Sekretaresse



Addisionele Lede


Het jy geweet?

Slegs vier hoofposte word benoem en verkies, maar 'n bestuur moet minimum 6 lede, maksimum 8 lede wees. Die ander 2 of 4 word dan belas met: bates (vervoer van vlae, vaandels, ens & aankoop van plaatjies), oorde (besprekings, onderhandelings), jeug (Sondagskool, jeug aktiwiteite, Kersboom), redakteur (doen nuusbrief, Mooifonteiner), evaluering

Hennie La Grange—
gemoeid met web-
werf



Johan La Grange—
gemoeid met evaluer-
ing



Francois Botha—
Batehouer



Hoe kan gewone lede bestuur help?

'n Mens hoef nie 'n bestuurslid te wees om Mooifontein te help nie. As gewone lid kan ons baie bydra tot Mooifontein se gewildheid en algemene beeld. Hier is 'n paar voorbeelde:

Bespreek en betaal betyds—bestuur is dikwels in die verleentheid omdat lede nie

betyds bespreek of betaal nie.

Hou by die oordreëls m.b.t. lawaai, harde musiek, aantal voertuie per staanplek en persone per kampplek.

Neem jou medekampeerders in ag—selfs al is ons almal Mooifonteinlede, beteken dit nie ons almal hou van dieselfde musiek nie.

Nooi potensiële nuwe lede wat Mooifontein trots sal maak.

Woon die Boekevat en Sondag Erediens by—dit is nie vir bestuur lekker om lede daarvoor aan te spreek nie.

Geniet jou drankie, maar onthou drankmisbruik stel ander lede in die verleentheid.

Voorsitterskrywe 2012

Liewe vriende en maats

Ek weet nie van julle nie, maar ek is bly die winter is verby. Weet nie of dit net ek is nie, maar die afgelope winter was vir my besonders koud. Ons het dan tot sneeu gehad in JHB en Pretoria! Miskien is ek ook maar net besig om oud te word.

So van oudword gepraat. Soos julle almal weet is Mooifontein ook 15 jaar oud vanjaar. Dit is beslis 'n prestasie en ek is trots om deel te kan wees van die geskiedenis. Mooifontein het 15 jaar terug afgestig van streek Kempton Park en het in die afgelope paar jaar gegroei van 'n klein handjie vol tot die grootste streek in SAWA. Dit was vir my 'n groot voorreg om deel te kon wees van so 'n prestasie. Dit het nie ongesiens verbygegaan nie en Jurie het op verskeie geleenthede almal mooi laat verstaan dat hy deel is van die grootste streek.

Dinge het intussen verander en Mooifontein se ledetal het afgeneem van ver oor die honderd tot waar dit nou is. Ons was tydens verlede jaar se AJV 99 lede, en ons staan tans op 68 lede. Dit is 'n ledeverlies van 31 in 'n jaar se tyd.

Ek kan maar net in my hart hoop dat al die dinge wat ons al vantevore gepraat het sy tol geëis het. Ekonomie, tol gelde, petrol prys ens. Ek probeer nou terugdink aan die laaste jaar se bestuursvergaderings waar ons op byna elke vergadering bedankings en/of oorplasing hanteer het. Daar was heelwat bedankings van lede wat verhuis het, lede wat glad nie meer kamp nie en hul woonwa verkoop het, en lede wat oorgeplaas het na ander streke. Ek kan met eerlikheid sê dat daar nie een geval was in die afgelope jaar van 'n lid wat ek van weet wat weg is uit Mooifontein omdat hy kwaad was vir ons of SAWA nie. Ek verseker jou dat ons volgens notule verantwoording kan doen vir elkeen van die 31 lede wat weg is.

Nie almal van die 68 huidige lede kamp elke maand nie en die gemiddelde bywoning van ons naweek kampe het ook drasties afgeneem. Waar ons 'n paar jaar gelede die moontlikheid van afstigting oorweeg het omdat ons te groot was vir die gewone gewilde oorde en net by die meer groot oorde kon bespreek, kan ons nou met gemak in meeste oorde inpas.

Die inpas is nie nou meer die probleem nie, maar om die bespreking en betaling gemaak te kry is nou die kopseer. Die tariewe gaan net op en op. Die oorde wil getalle en betaling so vinnig na bespreking hê dat dit besig is om in 'n administratiewe nagmerrie te ontlaas. Ek haal my hoed af vir Dawie wat week na week met die oorde moet skakel en die een of die ander moet reël of getalle verander.

Omdat ek weet wat agter die skerms aangaan wil ek 'n ernstige beroep op een en elkeen doen om mee te doen en jou bespreking en betaling te doen soos op die Geselsies aangedui. Ek verseker jou dat daar goeie rede is vir die betrokke datum en tyd aangedui. Dawie moes meer as een keer die afgelope jaar 'n oord bel en heelwat staanplekke kanselleer. Dit plaas ons in die verleentheid en maak dat die oorde nie in die toekoms so toeganklik gaan wees teenoor streke nie.

Die 2012 Presidente was die afgelope jaar geskuif van Potchefstroom na Klipdraai. Die van julle wat daar was sal moet saamstem dat Klipdraai beslis die meer aangewenste oord is. Afgesien van die redelike hoeveelheid klippe en die groter hoeveelheid gebuigde penne, leen die oord homself beslis daartoe om 'n lekker Presidente aan te bied. Om een of ander rede reën dit nie elke jaar op die lang naweek by Klipdraai soos dit by Potch die geval is nie. Kyk tog of jy nie op jou almanak van volgende jaar die Presidente naweek kan inskryf nie. Jy sal nie spyt wees nie - ek belowe.

Nog iets waarvoor jy nie sal spyt wees nie is die jaarlikse Wildtuintoer. Volgende jaar is al die negende toer en die besprekings is alreeds oop by Magda. As jy nog nie op een van die toere was nie, is dit dalk nou die tyd. In dieselfde asem dan ook dankie aan Magda wat elke jaar haar bes doen om van die toer 'n sukses te maak en een waarop SAWA trots kan wees. Ek weet sy beplan die moeder van alle toere in 2014 waneer ons die 10de toer sal meemaak. Sy praat iets van die almal wat die afgelope 10 jaar saam was, saam te vat. Ongelooflik, ek sien al klaar uit daarna.



Iets waarna ek ook uitsien is om van na hierdie AJV naweek af net te kan kamp. Dit is vir my 'n besonderse voorreg om deel te kan wees van beslis die beste streek in SAWA. Die afgelope 8 jaar wat ek op die bestuur gedien het was vir my 'n belewenis en het ek ongelooflik baie geleer van SAWA, die organisasie en van wat op streeks, gebied en nasionale vlak aangaan. Ek was bevooreg om menige Kongresse, NUB vergaderings en spesiale SAWA geleenthede by te woon. Ek kon SAWA beleef soos jy net kan as jy die Voorsitterstoel beset en die Streek moet verteenwoordig op alle vlakke.

Soos ek verlede jaar reeds aangedui het, gaan ek vanjaar terugstaan en die leisels oorgee aan die volgende persoon wat die bevoorregte posisie kan volstaan.

Ek wil uit my hart vir een en elkeen van julle bedank vir die ondersteuning wat ek die afgelope jare beleef het. Daar was 'n paar hekkies die afgelope jare wat ons moes oor kom, maar ek dink ons is daarvoor sonder enige letsels of beserings.

Ek vra van jou as lid van Mooifontein om jou volle ondersteuning ook aan my opvolger te gee. Dit gaan nie 'n maklike taak wees nie. Die ekonomie gaan nie oornag verander nie en om die voortbestaan van Mooifontein te verseker sal daar daadwerklik aan ledeverwring gewerk moet word.

Ek sal in my stilligheid die ledetal dophou en kyk of dit skielik toeneem nou dat ek nie meer daar is nie. (joke).

Ek wil my dank uitspreek aan elkeen van my medebestuur lede wat die afgelope 8 jaar die pad saam met my geloop het. Ek het ongelooflik baie van julle geleer. Ek weet dat sonder elkeen van julle Mooifontein nie sou kon wees wat hy was en vandag is nie. Hou so aan, wees positief, dink nuwe planne uit, sit julle doelwitte op skrif en fokus op die goeie. Ek het geen twyfel in my hart dat Mooifontein nie sal aan hou presteer en voortbestaan nie.

Daar sal nog hekkies wees om oor te kom. Help mekaar soos in die verlede en julle sal daar kan oor. Julle het die beste klomp lede wat enige bestuur voor kan vra. Hulle gaan julle ondersteun in al die besluite en reëlings.



Magda: spesiaal dankie vir jou wat die afgelope 8 jaar saam met my die ding moes doen. Jy was die een wat al my verslae moes lees en my frustrasies moes aanhoor. Gelukkig was jy dan ook later op bestuur wat dit darem makliker gemaak het om te verstaan waaroor dit gaan. Dit het heelwat makliker gegaan met jou wat saam my die lang pad vergaderings toe kon aanpak.

Laaste maar sekerlik die belangrikste, wil ek my Hemelse Vader dank vir die afgelope 8 jaar se onderskraging en bystand. Dank vir al die jare se ongeluksvrye en voorspoedige kampe. Ek het nie eers 'n enkele pap wiel gehad die afgelope 8 jaar nie.

Ek bid dan ook dat die Here Mooifontein sal seën in die jare wat voorle met alles wat Mooifontein en sy bestuur aanpak. Mag Mooifontein na nog 15 jaar terug kyk en dieselfde positiewe indrukke beleef.

Nou ja toe – so kom alle goeie dinge tot 'n einde.

Van nou af gaan ek net lekker kamp sonder enige worries oor of almal plek gekry het, wat ek als moet hanteer by die afsluiting en of die dominie gereël is. Ons het baie en goeie vriende gemaak in Mooifontein. Ons gaan nie weg nie. Kry julle by die boom.

Ek nooi almal van julle om saam met my en Magda die Mooifontein aand funksie by te woon. Kom ons geniet dit soos Mooifonteiners dit kan doen. 15 Jaar is mos 'n prestasie. Dankie vir die reëlingskomitee wat die verrigtinge moontlik gemaak het. Ek het geen twyfel dat ons groot pret gaan hê nie. Groete

Rudi Britz

Hoe lyk 2013 se kampe?

2013 JAARPROGRAM

1	4/5 Januarie 2013	Druiwefees
2	11/12 Januarie 2013	Monateng
3	1/2 Februarie 2013	Koro-Koro
4	22/23 Februarie 2013	Gebiedsaamtrek
5	8/9 Maart 2013	Malonjeni
6	28-31 Maart 2013	Presidente
7	3/4 Mei 2013	Dube
		Buffelspoort - Sitrusfees (Moontlike datum verandering)
8	31 Mei-1 Junie 2013	Nasionale Wintersaamtrek
9	14-16 Junie 2013	Arendsnes
10	12/13 Julie 2013	
11	8-10 of 16/17 Aug 2013	AJV (Oord moet nog aangekondig word)
12	13/14 September 2013	Nasionale Saamtrek
13	21/21 September 2013	Klipdraai
14	18/19 Oktober 2013	Geheime Kamp
15	22/23 November 2013	Klein Paradys (Kersboom)
16	27 Julie - 8 Aug 2013	Wildtuintoer

Daar is volgende jaar 16 geleenthede om te kamp, so dit is glad nie moeilik om jou 100% bywoning te behaal nie.

(10 kampe = 100% bywoning)

Hou maar jou familievergadering, en beplan, bespreek en betaal vooruit om jou plekkie vas te maak.

4x4 nie vir Sawanante nie

Die SAWA 4x4 ding waarvan julle al heelwat gelees en gehoor het, was my idee en ek het nogal gedink dit kan werk. 'n Jaar later en ek betwyfel die sukses van die idee. Ek het tot die besef gekom dat Sawanante net leef vir hulle woonwaens en nie veel sinnigheid het vir die 4x4 ding nie. Ek moes eintlik geweet het toe van die ouer SAWA lede my in die begin gewaarsku het. Ek gaan my 4x4 liefde nou maar in my private 4x4 klub beoefen, en gewoonweg kamp met my woonwa saam met SAWA.

- Rudi Britz



Ai, die slaggate en treurige paaie....

Is jy opsoek na 'n stil, primitiewe wegbreek skaars 100km buite Pretoria en Johannesburg? Is jy gereed vir die ondervinding om te ervaar hoe ons voorouers geleef het sonder krag en deur self water aan te dra? Breek weg vir die naweek na WIT-BANK! (of enige ander kleiner dorpie.....)

Jou Primitiewe destinasie van keuse...

Ek het onlangs hierdie kosbare uitnodiging per SMS gekry, en nogal gedink baie mede kampeersders sal hiermee kan identifiseer.

Daar word baie noukeurig gekyk na die toestand van paaie en water & elektrisiteit voorsiening wanneer oorde bespreek word, maar ons moet maar ingedagte hou dat die oordeienaars baie min kan doen aan 'n kragonderbreking, gebarste pype of vuil drinkwater.

Bring jou drinkwater maar van die huis af, koop water of gebruik water suiwerings tablette, maar moenie sommer kraanwater op klein dorpie / oorde drink sonder om dit te kook nie.

Sorg dat jou herlaaibare flitse vol is voor jy gaan kamp ingeval daar 'n probleem met krag-

voorsiening is. Niemand hou daarvan om sonder 'n liggie in die aand badkamer toe te stap nie.

Jou selfoon en rekenaar / Ipad se battery behoort ook gelaai te wees ingeval van 'n lang kragonderbreking.

Doen vooraf 'n bietjie navorsing ivm die toestand van die pad na die oorde—wanneer bestuur bewus is van so probleem sal lede in kennis gestel word, maar somtyds het die padoppervlak skielik versleg en bestuur is nie bewus daarvan nie.



Maak seker die woonwa se noodwiel is in 'n goeie toestand—net omdat jy dit nog nooit nodig gekry het nie, beteken nie jy gaan dit nooit nodig kry nie.

Onthou ook maar om 'n flitslig in die motor te hou, asook 'n reënbaadjie!

Dit is 'n goeie gewoonte om van die ander Mooifonteinlede se selfoon nommers te hê—as jy hulp nodig het weet jy ten minste 'n hele paar van ons gaan dalk by jou verby ry!

-Red

Wat maak een oord lekkerder as 'n ander?

OORDMENINGSOPNAMES

Vraelyste is nie nuut nie en so ook nie in Mooifontein nie. Tydens die afgelope AJV het daar 'n "nuwe" ding sy kop uitgesteek; hoe lyk die "model" oord? Die reaksie is oorwegend positief, behalwe dat die aantal respondent laer is as wat verwag is.

Met die uitslae hoop mens om nader te kom aan wat Mooifonteiners as die ideale oord sien. Dit kan help om die kampvraelyste te skoei op wat vir ons saak maak.

Daar is natuurlik ook strikke in hierdie benadering. Wanneer die steekproefgrootte te klein is, kan die inligting nie verteenwoordigend genoeg wees nie. Dit kan maklik tot gevolg hê dat gereelde kampeers se mening beskou word as die Streeksmening, wat nie noodwendig waar is nie.

Mens behoort ingedagte te hou dat die manier hoe ons die meningsopnames doen, slegs 'n indikasies kan wees van wat mense dink en voel. Vraelyste is bloot te kort daarvoor, maar mense wil ook nie

voel dis navorsingsvraelys nie. Tog, 'n indikasie is bruikbaar.

Baie dankie vir almal wat saamspeel. Iemand bekyk dit wel en soms gaan daar selfs 'n liggie aan. Aan die ander kant, kan dit die oorde 'n indikasie gee van kampeers se ervaring.

As jy enige voorstelle vir nuwe oorde het, kontak my gerus.

-Johan La Grange

Ou of nuwe oorde—wat verkies jy? Die bekende, of moet ons meer waaghalsig wees? En as ons daar kom, en iets is regtig nie lekker nie? Hoe hanteer jy dit?

Pynpil Flaters

Ons almal maak 'n paar flaters as dit by oor-die-toonbank medikasie kom.....

As een pil goed is, moet twee pille mos beter wees!

Oordosisse—ons drink somer gou gou nog 2 pille as die eerstes nie vinnig genoeg werk nie, en lees nie die inligtingsblaadjies nie.

Alkohol en pynpille werk net nie saam nie. Miskien die pynpille more oggend na die alkohol, maar nie saam nie.

Medikasie interaksie—weet jy hoe jou chroniese medikasie reageer met oor die toonbank medikasie?

Bestuur 'onder die invloed' van pynpille is uiters gevaarlik en tas jou reaksies aan, al voel

dit nie so nie.

Vra nie die apteker se raad nie—want jy weet mos alles!

Gaar ou medikasie op, drink medikasie verby vervaldatum. Of drink sommer my vrou se ma se bloeddruk pil, want dit het haar nie doodgemaak nie!

Breek pille in die helfte wat nie gebreek moet word nie—

hierdie gebruik is uiters gevaarlik en beïnvloed die manier waarop die medikasie werk. Vra jou apteker as jy nie seker is nie.




Wildtuin Toer 2012 (nr 8)



Dit was 'n wonderlike voorreg om julle almal saam te kon vat Wildtuin toe. Elke toer is anders as die vorige toer. Ek praat nou vanaf toer nommer een. Julle was 'n baie besonderse groep hierdie jaar. Rustig? Miskien die ouderdom? Stil? Nee van stil weet ek nie so mooi nie. Boetes is sommer al van die heel eerste aand in die Wildtuin af uitgedeel. Maar as jy nuut is op die toer moet jy maar vat wat na jou kant toe kom.

Ons was 'n lekker groepie van 15 woonwaens hierdie jaar. Ons het oornag by Hazeypark Lodge. Baie goeie oord. Netjies en skoon. Die diens daar was natuurlik ook uitstekend. Met boekevat die aand het alles begin. Ons kon natuurlik nie wag vir die volgende aand se boeke vat nie, want Danie het ons so getrakteer met die boodskap wat hy vir ons oor die twee weke gebring het. Dankie vir iemand soos Danie oor ons pad gestuur. Ons het die projek van "die eier" geloots. Elke woonwa het sy eier ontvang, hard gekook, en daar was lekker geklets, geveer en sommer lekker gespeel die aand.






Dag 1. Vroegoggend uit die vere en by Kruger Hek in. Eerste uitspan was by Satara. Gou het ons almal daar in kon kry. Staanplek was nie veel nie, en ons moes maar baie naby aanmekaar staan. Dit was 'n lekker kamp, want ons glo mos al die diere van die Wildtuin is om Satara. Volgende skuif was na Onder Sabie. Daar gekom is ons elkeen op ons eie staanplek geplaas deur 'n baie vriendelike oom. Puik sal ek sê. Ons skuif toe mos na Skukuza. Daar was die kamp heeltemal oorvol. Ons het nog nader aan mekaar gestaan as by Satara. Ons het 'n baie lekker ontbyt gehad wat deur die vroue gemaak is. Al die mans het vroeg gery die oggend en by die kamp gekom, daar was die ontbyt. Reg om net aan te sit en te geniet. "Frottie" het hom so geniet tussen al die gewerk. Hy kon net nie genoeg kry nie.



Van Skukuza is ons na Krokodilbrug waar ons die laaste 2 dae kon kuier. Ons kon toe in 'n kring staan en lekker kuier. Ons beste eier maatjie was natuurlik Amanda en Kobus se "frottie" hy het eerste prys gekry. Tweede was Bernice met haar tweeling Minimeep en Frikkels. By elke toer is daar moes geroer en strooi gepraat en nog geroer en strooi gepraat. Die verhaal sal homself vertel. Ons het 'n roerlepel gegee aan Yolanda wat net nie kon ophou om te "stir" nie. Die mense het toe maar self die persoon gekies wat die meeste strooi aangevang en gepraat het. Dit was op die manier van "survival" gespeel. Hier het Johandrie vir hom toe mos die mooi rooi trofee gewen. Baie geluk aan julle twee. Dankie aan almal van julle wat saam saam was. Dankie ook aan my mede kampkomandante, Roelie en Estelle, Hendrik en Henna. Hoop ons sien julle sommer almal gou weer—Magda & Rudi Britz





Splinternuwe Kleredrag vir Mooifontein

Dit is nou al geruime tyd dat daar gepraat en gestem word oor die nuwe hemde vir Mooifontein.

Tydens die 2012 AJV is die nuwe hemde bekend gestel.

'n Blou & wit hemp asook 'n rooi & swart hemp is beskikbaar vir mans & dames. Die rede vir die 2 kleure is omdat almal nie van blou of rooi hou nie, en nou het jy 'n keuse.

'n Slim persoon het opgemerk dat klere pak vir haar gesin nou so maklik gaan wees—Vrydag kom jy met jou werksklere, Saterdag die een kleur, en Sondag die ander. Net 2 hemde vir die naweek is nodig!

Dit sal baie treffend wees as ons nou almal probeer om dieselfde kleur op Saterdag & Sondag aan te trek.

Let asb daarop dat die nuwe drag geensinds verpligtend is nie!

By die volgende kamp sal daar voorbeelde van alle groters, style & kleure beskikbaar wees om aan te pas en te bestel by Elize, 50% deposito word vereis met bestelling.

Die swart baadjies word gehou soos dit is.

Swart Dri Macs Small tot XLarge = R185

en groter is R205.

HEMDE:

Small-XLarge = R155

2XL-3XL = R165

4XL en groter = R181.50

Hierdie pryse sluit alles in.



AJV by Klein Paradys

Ons 15e verjaarsdag is met groot styl gevier tydens die AJV naweek. Hierdie jaar was die "Spatare" verantwoordelik vir al die reelings, en wat 'n viering was dit nie!

Saterdagmiddag is ons eie antieke griekse olimpiade gehou—kruiswaens, klippe, stof, baie gelag en groot prêet was aan die orde van die dag.



Voorgereg was vis in griekse styl, en ons hoofereg was 'n vark op die spit (kompleet met appel in die mond en wortel jy weet waar!). Elke persoon het 'n braaikuiken gekry, en jy kon jouself help aan geurige lamsboudes.

Nagereg was ook griekse styl, en kraffies wyn was beskikbaar vir almal.

Ons het die hele aand vir Spartakus gewag, daar was talle vals aankondigings dat hy arriveer het, en heildronke is op hom ingestel. Ons het hom telkemale verwelkom met 'n glas in die hand, maar vermoed hy het oppad na ons gesneuwel aan die hand van 'n ou vyand.

Hierdie spog geleentheid was beslis 'n hoogtepunt vir Mooifontein en sal moeilik verbeter word.

Ons opregte dank aan die Spatare wat soveel moeite gedoen het, hul eie borge gekry het en al die werk self gedoen het.

Na 'n kort ruskansie het ons in die restaurant bymekaargekom vir die partytjie.

Almal was aangetrek soos antieke Grieke, die tafels is met oordadigheid gedek in tipiese griekse styl en ge-laaï met vrugte, kase, brode, en olywe.



Wat is besluit, en hoe gaan AJV besluite jou raak?

Die 16e Algemene Jaarvergadering (AJV) van SAWA Streek Mooifontein het plaasgevind op Saterdag 1 September 2012, te Klein Paradies gasteplaas.

Tydens die vergadering het soos tevore veral twee probleme na vore gekom, nl Finansies (ons sal moet geld insamel en koste bespaar), en oord besprekings.

Die vernaamste besluite wat tydens die vergadering geneem of bevestig is, het dan ook rondom hierdie punte gedraai.

In kort, die volgende hoofpunte vir kennisname van die lede:

- Daar is nie tans 'n goedkoper opsie vir bankkoste beskikbaar nie, en ons moet ons bankkoste so goed moontlik bestuur.
- Omtrent al ons transaksies is tans reeds elektronies, maar kontant inbetalings bly 'n probleem.
- Die vergadering het dus voorgestel en besluit dat kamptariewe in die toekoms aangedui sal word as 'n kontant betalings tarief, met 'n afslag tarief vir elektroniese inbetalings.
- Baie lede het dalk ook al vergeet van die afslag wat jy kan kry deur betyds te bespreek en te betaal. Die administratiewe heffing van R50 per bespreking sluit R20 in wat jy in jou kamp rekening kan terugkry indien jou bespreking en betaling betyds was, en daar geen wysigings na die tyd op jou bespreking was nie.
- "Moral of the Story" – bespreek betyds en betaal betyds per bankoordrag, en jy kan spaar!
- Kerkkollekte gaan hierdie jaar weer aan Casa Caritas, 'n versorgings oord in Kempton Park.
- Alhoewel ons gaste by kampe verwelkom, moet hulle aangemoedig word om aan te sluit. Die gasheer moet ook toesien dat gaste by oord en Mooifontein reëls hou.
- Behalwe vir die AJV oord wat bevestig moet word, bly die kampprogram tans soos in die Sakelys.
- Daar is goedgekeur dat daar voorlopig net 15 staanplekke per kamp bespreek sal word. Dit reflekteer baie sleg op ons as daar 25 of meer plekke bespreek word, en 'n week voor die tyd bevestig ons net 5 na 10 plekke. Dit is altyd moontlik om meer staanplekke aan te vra as daar betyds genoeg belangstelling is. Dus - Bespreek vroegtydig!
- Ons behou die standaard dat 100% bywoning vereis dat 10 kampe per jaar bygewoon word.
- Die nuwe bestuur is bevestig soos per die sakelys bekend gemaak, en ons bedank weereens vir Rudi en Magda wat nou bietjie soos "lede" wil kamp. Voorspoed vir Dawie en Frans wat nou die voorste stoele moet volsit.

Het jy Geweet?
As jy voor die
afsnidatum
bespreek en
elektronies betaal
kry jy afslag!



Mooifontein Bank Besonderehede vir Elektroniese Oorplasinge

Bank: ABSA
Takkode: 632005
Rekening Nommer: 0230156710

Gebruik Naam of Lidnommer en waarvoor betaling is

n Klompie boererate van die webwerf [Duskant Sutherland](#):

Slangbyt: Neem 'n skeermeslemmetjie en sny 'n kruis op die bytplek. Suig die gif uit die wond en was mond met petrol. Vryf dan die gedroogde bloed van 'n skilpad in die wond.

Hoes: Kook 'n hoendereier. Eet die helfte en spoeg op die ander helfte en begrawe dit in 'n miershoop. Moenie weer omkyk nie. ('n Mens kan nogal wonder watter verskrikking sal jou tref as jy wel omkyk. Sal jy in 'n hoesende soutpilaar verander, amper soos met Lot se vrou gebeur het?)

Krampe: Sit jou regterskoen voor die linkerskoen neer, sodat die een se toon na die ander een se polvy kyk. Die kramp sal verdwyn.

Tering: Maak 'n rooijakkalslewer droog en maak dan poeier daarvan. As die lyding erg is, neem 'n mespuntvol, drie maal per dag, anders net een maal.

Asma: Groen koring laat trek en drink.

Vir jig wat groot knoppe veroorsaak: Neem 'n halwe bottel asyn en gooi 'n sikspens (ou silwermunt gelyk aan ses pennies) se rissies daarop. Laat staan vir vier uur en smeer aan die knoppe.

Vallende siekte: Plaas 2 lepels gesaagde nieshout op 'n halfbottel brandewyn. Neem een kelkievol twee maal per dag.

Sinkkoors-sere: Neem 'n paar rosyne. Haal die pitte uit. Maak dit fyn en gooi 'n bietjie terpyn by en maak 'n pleister daarvan. Sit op seer.

Trekkings: Trek voëlent net soos tee en drink.

Seer oor: Maak bokgal, 'n weinig soetolie en vyf druppels bruindulsies deurmekaar en gooi in die seer oor.

Stuipe: Drink 'n paar druppels rooi laventel met wit hoendermis in. (Baie mense sal eerder die blouapiestuipe kry as hulle so iets drink en eers agterna verneem wat hulle gedrink het.) 'n Mens kan beslis wonder wat die arme pasiënte destyds die ergste gevind het—die siekte of die behandeling!

LET WEL: Hierdie artikel bevat slegs inligting oor die oor-gelewerde gesondheidsrate van ons voorouers en moet hoegenaamd nie as voorgeskrewe mediese raad beskou word nie. Trouens, enigiemand wat enige van die rate in die artikel be-proef, doen dit baie beslis op eie risiko.

Rustenburg. – 'n Groep vriende het baie vroeë na 'n twee uur lange aanval op hulle ****by die bekende Rustenburg Kloof-vakansieoord in die stad.

Die drie rowers het aanmekeer geskree: "We're here to kill you," toe een van die vroue haar skootrekenaar en motor vir hulle aangebied het sodat hulle moet padgee.

Die dreigemente van die aanvallers, die onbehelpsame houding van die oordbestuur, dat niemand blykbaar iets gehoor het terwyl hulle aangeval is nie en die polisie se optrede laat hulle wonder.

Des Pretorius (24), haar vier vriendinne en 'n vriend, almal van Pretoria en Centurion, het die aand in die oord se swembad gaan swem. Twee van die vroue het vroeg gaan slaap. Later het Des en Chantal ook teruggegaan. Elodi Earle en Coenraad het nog geswem.

Toe Des en Chantal geluide hoor, het hulle gedink dis Elodi en Coenraad. Des het 'n man by die kombuisvenster betrap. Hy het weggehardloop, maar was gou terug met sy makkers.

"Hulle het die voordeur met 'n koevoet begin oopbreek. Ons het die deurhandvatsel opgedruk, maar die deur het meegegee."

Die vroue het in die badkamer gaan wegkruip en Des het die badkamerdeur van binne toegedruk. "Gelukkig is ek sterk."

Die aanvallers het diefsteling oopgebuig en ingeklim. Twee het die badkamerdeur met die koevoet begin oopbreek terwyl die derde verwoesting gesaai het.

"Die gat in die deur was groot en ek moes die onderste deel met my knie teen die kosyn vasdruk. Hulle het met die koevoet deur die gat geslaan en bottels na ons gegooi."

Des is teen die kop getref, maar sy kon die koevoet raakgryp.

"Ek het my skootrekenaar en my kar aangebied, maar hulle het gesê hulle is hier om ons dood te maak,"

Toe Elodi en Coenraad buite stilhou, het die aanvallers gevlug met drie selfone en die skootrekenaar.

Die vroue het geen hulp van die oordbestuur gekry nie. (Die oordbestuur het vroeër by navraag geweier om kommentaar te lewer.)

"Ons het die polisienoodnommers herhaaldelik met selfone gebel, maar niemand het geantwoord nie. Later het ons iemand gebel wat die Rustenburg-polisiekantoor gebel het."

Des het verskeie kneusings en snyplekke opgedoen en haar kop het vreeslik gebloei waar die bottel haar getref het. Sy moes die nag in die hospitaal deurbring.

"Die polisie wou weet hoekom Coenrad alleen saam met vyf meisies is en waarom ons enkellopend is. Hulle het eers 'n week na die aanval die koevoet gevat toe hulle ons verklarings kom afneem het."

RE: Kampeerder noodlottig gewond

Ingestuur deur NicoPietersen

Op News24 kom die berig soos volg voor:

Johannesburg - A 45-year-old man was shot and killed by three armed men at a Hartbeespoort holiday resort in Brits on Sunday morning, North West police said.

"According to information we received, the man heard some noise outside his caravan at 02:30 and when he went to investigate, the three men shot and killed him," said Captain Thabo Makhafola.

After shooting the man, the three gunmen allegedly moved on to the next caravan and robbed its occupants of personal belongings like cellphones and bags, he said.

"They then fled the scene in a white Mazda Midge," said Makhafola.

No arrests have been made and Makhafola warned members of the public to avoid confronting the three men should they spot them as they were "armed and considered dangerous".

"They should rather report to the nearest police station," he said.

Sekuriteit en Beveiliging van Kamp

Ongewenste elemente is net so 'n wessentlike gevaar tydens kampeering as by jou eie huis.

Die grootste gevaar is dat ons almal saamkuier en lekker ontspanne is teen slaaptyd—jou waaksaamheid verslap en jy neem sommer aan dat die oord heeltemal veilig is. Ongelukkig is dit presies die situasie wat uitgebuit word, en dikwels veroorsaak ons dat ons maklike teikens is omdat ons nalatig is.

'n Paar praktiese wenke:

- Maak seker dat jou voertuig gesluit is en die alarm geaktiveer is.
- Moenie kosbare besittings in die motor los wat sigbaar is nie—rekenaars, tablette, beursies, GPS toestelle en selfs CD kassies.
- Probeer om jou voertuig so naby as moontlik aan jou slaapkant van die woonwa te parkeer, jy sal hoor as iemand daar peuter.
- Jou voertuig moenie in 'n donker hoekie staan nie—diewe hou nie van lig nie.
- Om wag te staan is onprakies—ongewenste elemente ken die omgewing beter as jy, en hulle skuil in die donker hoekies en/of val jou aan of vermy jou, en dring so die kamp binne.
- Beams werk goed, maar is duur. Het ook beperkings aangesien vrye beweging aan perke gelê word. Natuurlik kan die sekuriteitaksie ook omseil word.
- Draagbare alarms kan werk maar moet gereeld geskuif word om dit meer effektief te hou. Een van die nadele is dat net een woonwa so beskerm word
- Mas ligte in die middel wat die area verlig—elemente hou nie van 'n verligte omgewing nie. Daar is 'n ongerief betrokke, veral vir die ligte slapers wat nie hou van ligte in hul omgewing nie. Gegewe die risiko en gevaar is dit 'n klein prys om te betaal—'n mens kan bv altyd dikker materiaal gebruik vir woonwa vensters wat die lig effek sal versag.

- Tuisgemaakte toestelle—miskien iets soos 'n 'motion sensor' lig gekoppel aan 'n 'buzzer' wat tussen woonwaens geplaas word en na die buitekand van die kamp gerig word.
- Moenie iemand in die versoeking stel deur waardevolle artikels buite te los as jy gaan slaap nie—radios, CD spelers, rekenaars, elektroniese speletjies, TV's ens. Hierdie artikels trek onnodige, ongewenste aandag en kan maklik verwyder word terwyl jy slaap in die donker.



Veiligheid by Ou Skip

Ek wil net graag die volgende met julle deel. Ek het verlede jaar saam met die Wagsleep Forum by Ou Skip woonwapark by Melkbos gekamp. Dit was baie lekker aangesien ons 'n groot groep mense was wat saam gekamp het. Vriende van ons het net voor Kersfees daar gaan kamp. Hulle het kamp opgeslaan en daar was mense reg rondom hulle. Die eerste nag toe word daar ingebreek in een van die bure se motors, selfoon, beursie, laptop en pistool word gesteel. Die polisie het uitgekom en die res van die nag daar spandeer. Die volgende dag het die meeste mense in die onmiddellike omgewing opgepak en gees dat hulle geld terugbetaal word.

Die hele kamp se vuilgoed word ook naby die staanplekke gegooi wat baie vlieëum! lok. Beligting en sekuriteit is baie swak. 'n Paar dae later het iemand weer probeer inbreek in van die tente. Mens kan mos nie so kamp en ontspan nie. Jy moet basies elke nag baie lig slaap en al jou besittings toesluit. Op die een grens van die kamp is daar geen sekuriteits heining nie. Sover my kennis strek het die kamptrein 3 sterre wat baie misleidend is.

Groete
Aubrey



As jy enige voorstelle het oor hoe ons veiliger kan kamp deel dit met ons!

Brandgevaar

Ons wil almal sonder enige letsels of beserings terugkeer na 'n saamtrek, maar ons is blootgestel aan allerhande 'gevare' soos beserings of brandwonde. 'n Mens hoef maar net aan twee onlangse insidente te dink om te onthou hoe kwesbaar ons is. Pippie Kruger, die dogtertjie wat so aaklig verbrand het met vuuraansteekgel, en Sondela—'n brand het binne minute die oord vernietig met lewensverlies. (Slegs 'n paar km vanwaar 2012 se AJV gehou is!)

Hoe voorbereid is ons op sulke gebeure? Net omdat dit nog nooit met ons gebeur het nie, beteken nie dat sal nooit gebeur nie. Hier is 'n paar riglyne wat kampkom-mendante dalk ag op kan slaan:

- Is daar iemand in die groep met noodhulpopleiding? Dink maar net aan oorde met swembaddens, en hoe maklik 'n ongeluk gebeur. Is die persoon met noodhulpopleiding bereid om beskikbaar te wees, en hoe gaan die persoon in 'n noodgeval gekontak word?
- Reël vooraf met die oord om kontak nommers van die naaste dokter en/of hospitale / klinieke by die ablusies op te plak sodat die persone vinnig gekontak kan word.
- Is die basiese noodhulp medikasie beskikbaar om brandwonde, allergië en beserings te behandel? Maak seker dat die produkte se vervaldatums in order is.
- Identifiseer die grootste risikos vir bv brande:
 1. Gas
 2. Braaivleisvure & aansteekgel
 3. Kampvure (Bola)
 4. Veldbrande
 5. Elektriese Brande
- Herinner kampeerders mbt die gevaar van gaskoppeling wat losgemaak word sonder om die gas toevoer toe te maak, 'n gasstoof binne-in 'n tent te gebruik en lekkende gas-bottels.
- Identifiseer moontlike areas wat 'n brandgevaar inhou soos bv lang gras onder 'n braaier, vure wat sonder toesig gelaat word en kampvure wat nie geblus is wanneer almal gaan slaap nie.
- Waarsku die groep as daar 'n hoë risiko vir veldbrande is.
- Moenie elektriese proppe oorlaai nie, veral nie as dit teen die karavaan of tent lê nie—die hitte kan oor 'n tydperk die tent laat vlamvat.
- Hoe gaan ons alarm maak ingeval van 'n brand—blaas op 'n fluitjie, hard skree, of 'n brand sirene? Onthou, 'n brandende tent of woonwa kan binne minute ander woon-waens en tente aan die brand steek.
- Waar moet almal bymekaar kom ingeval van 'n noodsituasie? Is hierdie plek veilig?
- As 'n brand uitgebreek het uit moet 'n telling gehou word om vas te stel of iemand nie vermis word nie.
- Hoe moet die brand geblus word? Water, Sand, of brandblussers? 'n Gasbottel wat brand kan bv nie met water geblus word nie, en pot kookolie wat vlamgevat het ook nie.



**'n Woonwa
brand binne 5
minute
heeltetal uit!**



Bass Lake 13, 14 15de Julie 2012.

Groot was die afwagting vir dié naweek gewees. Veral vir die manne wat hou van hengel. Van die mense het al van vroeg af Vrydagoggend opgedaag. Ons was ook bevoorreg om redelik vroeg by die huis te kon ry min wetende wat vir ons die naweek voorlê. Ons was toe maar net 6 waens gewees die naweek.

Wat 'n groot verrassing was dit nie gewees toe ons daar opdaag nie. Dit is nie net vir die hengelaars nie. Sommer vir die hele gesin. Van die ontvangs, swembaddens, tuine, lapas, winkel en die ablusie geriewe moes jy daar wees om dit te waardeer. Baie netjies en goeie instandhouding kan jy orals sien waar jy loop. Dit sal 'n baie lekker komplek wees in die somer ook. Maar ek dink dit kan lekker warm word daar.

Ongelukkig was die kamp net na die Julie skoolvakansie en die nodige fondse is nie altyd daar nie en die kamp was ook nie een van die goedkoopstes gewees nie. Die wat wel daar was het dit geniet.

Vrydagaand na boekevat het die mense maar gou na hulle waens toe geskarrel. Nogal koel gewees en dit het redelik vroeg donker geword ook.

Saterdag oggend het die mense maar traag opgestaan want dit was nie die warmste dag in die bosveld gewees nie. Na boekevat het die manne gaan lyn natmaak en die res het maar deur die kamp geloop en die plek bewonder.

Saterdagmiddag het van die mense rugby gekyk. Sal nou nie te diep in die storie ingaan nie want dit is tog immers 'n SAWA kamp gewees.

Sondagoggend nog voor die son op was, moes van die kampeersers ongelukkig ry. (ander verpligtinge maar kamp sal hulle kamp) Ons waardeer dit dat julle gekom het.

Dit is toe dat van die mense wakker word om net te sien hoe lê gisteraand se vuil skottelgoed in die ys vas gevang. Selfs die krane was geys gewees. Die sleepvoertuie se ruite en dakke was spierwit van die ryp en het eers hier teen so 10 uur se kant tekens getoon dat die son op hulle skyn. Ek kan julle waarborg dat ek nog nooit in my lewe so koud gekry het nie. Het ook nie OB's saam geneem nie. Was so bietjie onvoorbereid gewees. Nie gedink die koue sal deur jou waai nie. Het selfs ekstra komberse uitgehaal.

Ons het nie 'n predikant die naweek gehad nie en het toe sommer die TV buite toe geneem en het na die diens onder die tent gesit en kyk.

Na die diens was die afsluiting en soos julle weet was daar ook die ou sondebokke gewees. Gelukkig in 'n goeie gees.

Baie dankie aan die van julle wat julle weg oop gesien het en saam gekamp het en ook vir die ondersteuning die naweek. Dit word waardeer.

Groete.

Francois en Estelle Kruger.



Jy het nou so pas deur die nuwe Mooifonteiner gelees.

In die toekoms gaan jy nie veel lees van kampe wat gehou is nie, behalwe as dit 'n nuwe oord soos Bass Lake was, of iets buitengewoon gebeur het. Die gewone verslae sal wel op die SAWA webwerf beskikbaar gestel word, as iemand sou belangstel.

Jy sal wel lees van nuwe ontwikkelings, probleme wat ondervind is, ietsie oor nuwe lede ens.

Mooifontein bestuur beplan 'n opwindende jaar vir 2013, en jy sal verseker verloor as jy nie saam kamp nie.

Geheime kamp (5/6 Oktober 2012)

Liewe Mooifonteiners,

Verlede keer moes ons kies tussen Nylsvley, Jasmyn en Wilgerivier. Van hierdie drie, lê die nuwe oord naaste aan Jasmyn. "Alli" het na die tolfooie verwys.



Hierdie oord word bestuur deur Bessie en Machiel en hulle sien uit daarna om ons te ontmoet. Hulle het klaar ons plekke bespreek en Mooifontein staan op pleknommers 16 tot 40. (Ek hoop daar gaan genoeg kampers wees!) Soos dit hoort, is daar 'n winkel wat ys en hout en so 'n paar ander dinge verkoop.

Water blyk kosbaar te wees.

Die liedjie sê: "Kinders moenie in die water mors nie, die bome wil dit drink." Soos julle kan sien, doen die oord moeite om nog bome te vestig. Sommige bome in die oord het nasionale boomlysplaatjies en mens kan gerus gaan kennis maak met die groen inwoners.

Die rigting wysers vertel jou waar die staanplekke is.



Die oord het 'n lekker onderdak waar mens allerhande funksies kan aanbied, maar dit sal nie vir boekevat of Sondag se diens beskikbaar wees nie. Ons sal dus onder die bome bymekaar moet kom, maar dit behoort nie 'n probleem te wees nie, want die terrein is boomryk.



Leidrade tot dusver:

Die oord lê noord-wes van Kemptonpark.

Die tolgelde vir die naweek sal R40-00 wees, as jy so lank as moontlik op die N-roetes bly.

Die oord is omtrent 1080m bo seespieël

Gewone driepuntproppe sal reg wees om jou looplyn te koppel.

Die kraai afstand is so tussen 65 en 75km.

Daar is so 2km grondpad tot by die oord. (Amper soos Dube afstand op gruis)

Belangrik is om betyds julle plekke te bespreek by Elize. Die afsnydatum verskyn in "Ons Geselsie"

Beste bedede en onthou om trots te wees op SAWA!

Johan

